# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

### Nasien van die leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oopvrae** word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

## VRAAG 1

## TEKS A: ARTIKEL

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Dat hy/sy damprook. / Daar is 'n e-sigaret in die omgewing. ✔ *Enige EEN* | (1) | 1 |
| 1.2 | **NEE**. Helder kleure / 'n verskeidenheid eksotiese geure / toertjies wat met die uitblaas van die rook gedoen kan word, is ook faktore. ✔ ✔ *Enige TWEE. Motivering bepaal die punt. Die kandidaat kan nie 'n JA-opsie aanbied nie.* | (2) | 1 |
| 1.3 | **MENING**. Die 25% is net dié wat openlik erken dat hulle damprook. ✔ *Motivering bepaal die punt*. | (1) | 4 |
| 1.4 | Damprook is veral gewild onder jonger kinders (in Amerika), terwyl tieners meer bewus word van die nadele daarvan. ✔ | (1) | 2 |
| 1.5 | Damprook het 'n uitwerking op 'n individu se brein/ geestesgesteldheid/geestesgesondheid/konsentrasievermoë/ (skool)prestasie. ✔ ✔ ✔ *Enige DRIE* | (3) | 3 |
| 1.6 | 1.6.1 "Beloningspaaie" word geskep deur die langdurige gebruik van (enige) middel. ✔<br><br>1.6.2 Dit kan as 'n intreemiddel tot meer onwettige dwelms gesien word / lei tot 'n afhanklikheid ✔ *(Enige EEN)*, omdat die verbruiker later nie meer dieselfde beloning ervaar as wat oorspronklik verkry is deur damprook nie. ✔ | (1)<br><br>(2) | 4 |
| 1.7 | Omdat die e-sigaretbedryf nie by enige van die bestaande wetgewing inpas nie. / Dit is nie 'n tabakproduk / medisyne / 'n gesondheidsproduk nie. ✔ ✔ ✔ *Enige DRIE* | (3) | 3 |
| 1.8 | Skole kan self optree en regulasies instel wat bepaal dat leerlinge nie by die skool mag damprook nie. ✔ | (1) | 2 |
| 1.9 | 1.9.1 onwettig ✔<br><br>1.9.2 koop/bestel ✔ | (2) | 3 |
| 1.10 | 1.10.1 TikTok en Instagram ✔ *Al twee moet genoem word.*<br><br>1.10.2 Baie minderjariges bring hul aanlyn tyd op hierdie platforms deur. ✔ | (1)<br><br>(1) | 1<br><br>1 |
| 1.11 | **NEE**. Net sommige ouers koop e-sigarette vir hulle kinders. ✔ *Motivering bepaal die punt.* | (1) | 1 |

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.12 | potensiaal ✔ | (1) | 2 |
| 1.13 | (Prontuit) veroordeling teenoor 'n konstruktiewe/opvoedkundige gesprek. ✔<br>*Albei kante moet genoem word vir 1 punt* | (1) | 2 |
| 1.14 | **JA**. Ek geniet dit om te damprook / hou van die geure / wil "in" wees by my maats.<br><br>**NEE**. Damprook is baie sleg vir my gesondheid. / Damprook hou baie gevare in. ✔<br>*Of soortgelyk. Motivering bepaal die punt.* | (1) | 5 |
| 1.15 | **JA**. Hulle damprook so dat niemand hulle kan sien nie. ✔<br>*Of soortgelyk. Die kandidaat kan nie 'n NEE-opsie aanbied nie.* | (1) | 1 |
| 1.16 | 1.16.1 Hulle hoes/hyg/proes. ✔ *Enige EEN*<br><br>1.16.2 Die karakters se benoude gesigsuitdrukkings / e-sigarette in hulle hande / rook uit hulle monde / woorde / by hulle monde. ✔ *Enige EEN* | (1)<br><br>(1) | 3 |
| 1.17 | Dit beklemtoon die omvang van damprook. / Almal kan sien hulle damprook. ✔ *Of soortgelyk* | (1) | 4 |
| 1.18 | 'n Opvoedkundige instelling (skool/kollege/universiteit) ✔<br>*Of soortgelyk*<br><br>Rugsakke/boek ✔ *Enige EEN* | (2) | 3 |
| 1.19 | toertjies ✔ | (1) | 1 |
| | | | **[30]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: [30]** |

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | 8 | 4 | 12 | 5 | 1 | 30 |
| % | 12 (40%) | | 12 (40%) | 6 (20%) | | 100% |

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

- Die nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hulle eie sinne, in ’n logiese volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

**Punte word soos volg toegeken:**

- ✓ **7** punte vir 7 feite (een punt per hooffeit)
- ✓ **3** punte vir taal
- ✓ Puntetotaal: **10**

**Verspreiding van taalpunte as die kandidaat <u>nie</u> woordeliks aangehaal het nie.**

- ✓ **1–3** feite korrek: Ken **1** punt toe.
- ✓ **4–5** feite korrek: Ken **2** punte toe.
- ✓ **6–7** feite korrek: Ken **3** punte toe.

**Verspreiding van taalpunte as die kandidaat <u>woordeliks aangehaal</u> het:**

- ✓ **6–7** aanhalings: Ken **geen** punt vir taal toe nie.
- ✓ **4–5** aanhalings: Ken ’n maksimum van **1** punt vir taal toe.
- ✓ **2–3** aanhalings: Ken ’n maksimum van **2** punte vir taal toe.

**LET WEL:**

Tel van woorde:

- Indien die formaat verkeerd aangebied word, moet die antwoord steeds nagesien word. Die kandidaat verdien geen TAALPUNT nie.
- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

<table>
<tr><th>Vlakke</th><th>1</th><th>2</th><th>3</th><th>4</th><th>5</th><th></th></tr>
<tr><td>Punte</td><td colspan="2">4</td><td>4</td><td colspan="2">2</td><td>10</td></tr>
<tr><td>%</td><td colspan="2">40%</td><td>40%</td><td colspan="2">20%</td><td>100%</td></tr>
</table>

© SACAI KOPIEREG 

**FEITE**

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

**PARAGRAAFVORM**

Moenie ligte bedags onnodig aanskakel nie. ✓ Ruim 'n vuil en deurmekaar vertrek op om dinge op te helder. ✓ Gebruik ligte verf om 'n vertrek ligter te laat lyk. ✓ Installeer groot vensters, glasmure en -deure om 'n vertrek ligter te laat lyk en minder elektrisiteit deur die dag te gebruik. ✓ Maak gebruik van spieëls naby jou ingangareas om meer lig in jou vertrek te geniet. ✓ Gebruik sagter beligting ("*dimmers*") om minder elektrisiteit te gebruik. ✓ Maak seker dat ligte die korrekte areas in jou huis verlig. ✓

[84 woorde]

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | Maar hoe kan ons elektrisiteit bespaar deur die ligte bedags onnodig aan te skakel om in 'n meer verligte vertrek te werk? | A | Moenie ligte bedags onnodig aanskakel nie. ✓ |
| 2 | Spring dadelik in en maak bietjie aan die kant om dinge op te helder. | B | Ruim 'n vuil en deurmekaar vertrek op om dinge op te helder. ✓ |
| 3 | As jy verf, werk met meer ligte kleure. | C | Gebruik ligte verf om 'n vertrek ligter te laat lyk. ✓ |
| 4 | Deur meer natuurlike beligting soos baie groot vensters, glasmure en -deure te laat installeer, help dit beslis om 'n vertrek ligter te laat lyk en minder elektrisiteit deur die dag te gebruik. | D | Installeer groot vensters, glasmure en -deure om 'n vertrek ligter te laat lyk en minder elektrisiteit deur die dag te gebruik. ✓ |
| 5 | Probeer spieëls naby jou ingangareas plaas om meer lig in jou vertrek te geniet. | E | Maak gebruik van spieëls naby jou ingangareas om meer lig in jou vertrek te geniet. ✓ |
| 6 | Die gebruik van sagter beligting ("*dimmers*") help nie net om minder elektrisiteit te gebruik nie, maar kan ook 'n vertrek se atmosfeer aansienlik verander, van lig en sag tot romanties. | F | Gebruik sagter beligting ("*dimmers*") om minder elektrisiteit te gebruik. ✓ |
| 7 | Maak seker jou ligte verlig die korrekte areas in jou huis, soos bv. donker hoekies en werkspasies in jou kombuis en studeerkamer. Dit sal help dat jy nie onnodig ligte aanskakel nie. | G | Maak seker dat ligte die korrekte areas in jou huis verlig. ✓ [84 woorde] |

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

### TEKS D

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | 3.1.1 Fotograwe / Mense wat daarvan hou om foto's te neem. ✔<br><br>3.1.2 Die deeglike inligting / Die visuele beelde / Die opskrif van die advertensie ✔ *Enige EEN of soortgelyk* | (1)<br><br>(1) | 3 |
| 3.2 | **JA**. Die woorde word deur die simbole versterk. ✔<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-opsie aanbied nie.* | (1) | 4 |
| 3.3 | Stuur jou beste reis- en natuurfoto's vir ons! ✔ Toe, moenie skaam wees nie! ✔ | (2) | 3 |
| 3.4 | 3.4.1 Jy moet vertel hoe jy die foto/foto's "gedokter" het. ✔<br><br>3.4.2 Hulle behou hul die reg voor om jou foto's elders in die tydskrif, op hulle webblad of in bemarkingsmateriaal te gebruik. / Daar is bepalings en voorwaardes. ✔ *Enige EEN* | (1)<br><br>(1) | 4 |
| 3.5 | **JA**. Die koppelteken vervang die woord "foto's". ✔<br>*Of soortgelyk Die kandidaat kan nie 'n NEE-opsie aanbied nie.* | (1) | 4 |
| 3.6 | 'n Verdienstelike persoon. / Iemand wat goeie werk doen. Iemand wat aangeprys kan word. ✔ *Enige EEN of soortgelyk* | (1) | 4 |
| 3.7 | Jou/veilig/seil/hou ✔<br>*Enige EEN* (Die diftong moet onderstreep wees.) | (1) | 2 |
| | | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

## TEKS E

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | 4.1.1 Hy haat skool. / Hy hou nie van skool nie. ✔<br><br>4.1.2 Die karakter is nors en die dogters is vriendelik/vrolik. ✔ *Of soortgelyk* | (1)<br><br>(1) | 3 |
| 4.2 | Sy syfergeletterdheid ✔ en leesvaardigheid laat veel te wense oor. ✔ | (2) | 1 |
| 4.3 | Die seuns wat bal skop / kinders wat met rakette speel / die seun wat hardloop. ✔ ✔ *Enige twee* | (2) | 2 |
| 4.4 | Dit is een begrip. / Dit is ’n samestelling van twee woorde: “syfer” en “geletterdheid”. / Dit is ’n samestellende afleiding. *Enige EEN* | (1) | 3 |
| 4.5 | Daar word nie geboelie nie. / Die kinders is netjies aangetrek. / Daar is geen bakleiery nie. / Hulle is almal gelukkig. ✔ ✔ *Enige TWEE of soortgelyk* | (2) | 3 |
| 4.6 | ’n <u>Graat</u> (van die vis) sit in my keel vas. ✔ *Of soortgelyk* | (1) | 3 |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 5: PROSA

### TEKS F

| | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1 | uitbuiting – ytbyting/uitbyting/ytbuiting. ✓ *Enige een* | (1) | 1 |
| 5.2 | as het ✓ | (1) | 1 |
| 5.3 | 5.3.1 Parentese/inlassin ✓<br><br>5.3.2 Dit verskaf addisionele inligting. ✓ | (1)<br><br>(1) | <br><br>3 |
| 5.4 | **JA**. Dit is ’n verbindingsklank. ✓ *Motivering bepaal die punt. Die kandidaat kan nie ’n NEE-opsie aanbied nie.* | (1) | 1 |
| 5.5 | professioneel ✓ | (1) | 1 |
| 5.6 | 5.6.1 minder ✓<br><br>5.6.2 minste ✓ | (1)<br><br>(1) | <br><br>1 |
| 5.7 | 5.7.1 Beskermling/beskermheer/beskermvrou/beskerming/ beskermer ✓ *Enige EEN of soortgelyk*<br><br>5.7.2 Werkwoordvormer ✓ | (1)<br><br>(1) | <br><br>4 |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | 8 | 4 | 12 | 6 | 0 | 30 |
| Totaal | 12 | | 12 | 6 | | |
| % | 40% | | 40% | 20% | | 100% |

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Afdeling A** | 8 | 4 | 12 | 5 | 1 | **30** |
| **Afdeling B** | | 4 | 4 | 2 | | **10** |
| **Afdeling C** | 8 | 4 | 12 | 14 | | **30** |
| **Totaal** | **28** | | **28** | **9** | **1** | **70** |
| **%** | **25 (36%)** | | **35 (50%)** | **10 (14%)** | | **100%** |